

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Gemeente - Kokstad



Leraar: Ds. CW Wooding
Tel: +27 039-727 2215
E-mail: wooding1@telkomsa.net
Sel: 082 339 1666

Adres: Posbus 121
KOKSTAD
4700

Liewe Vriende,

Thembisile Mayekasi het op Aloekop buitepos grootgeword, as die kind van plaaswerkers. Haar moeder was een van ons getroue lidmate, en Thembisile het in die kerk opgegroeï. Van kleins af was sy baie lief vir die Here. Ons het gou gesien dat hierdie `n talentvolle kind is met baie potensiaal.

Byna 12jaar gelede, na haar skoolopleiding, was haar plek reeds bespreek by `n Bybelskool, toe sy swanger raak. Dit was vir ons almal `n geweldige teleurstelling. Die volgende paar jaar was sy op die agtergrond gewees. Sy is deur die kerklike tug proses. Later is sy met die man getroud, en het kinders grootmaak. Stadig maar seker het haar lewe egter weer begin rigting kry. Sy het gereeld kerk toe gekom en was gou weer een van ons aktiewe lidmate op Aloekop. Later word sy die Sondagskool juffrou op die buitepos, `n taak waarin sy uitblink. Vandag is sy `n diaken in ons kerk en een van die gerespekteerde leiers in ons gemeente.

`n Groot hartseer in haar lewe vir baie jare was haar man se onverskillige lewe. Van die Here en die kerk wou Mnr. Jikazi nie veel weet nie. Hy werk as vragmotorbestuurder by ons munisipaliteit en het sy lewe saam met sy vriende geniet. Haar liefde en gebede het hom nie onaangeraak gelaat nie, en hy het ons dienste begin bywoon. Die Here het in sy hart gewerk en hy het tot bekering gekom, en ook lidmaat van ons kerk geword. Die afgelope naweek tydens die Paasfees is hy as lid van ons mannevereniging geklee (Sien die aangehegte foto van `n dankbare en trotse Thembisile Jikazi (née Mayekasi) en haar man voor die kansel op Kokstad).

Paasfees 2019 het baie goed verloop in ons gemeente en ring. Vir die eerste keer in jare kon ek en Delesté die hele Paastyd in ons eie gemeente deurbring, en dit was heerlik. Vir die gemeentes van Lusikisiki/Bambisana, Rietvlei en Mt Ayliff/Sipetu was dit `n wonderlike Paasfees saam met hul nuwe dominees.

Na al die jare bly die Paasfees in die swartkerk `n wonderlike ervaring. En ons is dankbaar vir `n besondere geseënde tyd saam met ons gemeente by ons kerk te Bhongweni, Kokstad. Op die Opstandingsdag het ons weer eens bewus geword van die nuwe lewe en hoop wat Christus gebring het. En ons ervaar dit ook in ons eie gemeente en lidmate se lewens. Tydens Pasika het ons 14 jongmense, op die drumpel van die lewe, bevestig as nuwe lidmate van ons gemeente. Baie van hulle het ek self gedoop as babas. Hulle dien steeds die Here en gaan saam met Jesus die toekoms in.

Hulle was so bly oor die nuwe Bybel wat hul elk ontvang het met hul bevestiging. (Sien die aangehegte foto van die 14 jongmense). Ons het ook nuwe lede geklee vir ons manne-, vroue- en jeugverenigings. (sien die foto van die jongmeisies in hul kerkdrag). Daar is ook talle babas gedoop en aan die Here gewy – die nuwe lidmate van môre.

Die 30ste Maart het Rietvlei gemeente hul nuwe leraarspaar, ds en mev. Thembinkosi Mene, ontvang en bevestig. Ds Mene kom van Port Elizabeth en sy vrou van Somerset-Oos. Hy het op Stellenbosch aan die kweekskool studeer (Sien die foto v d bevestiging. Ds Mene en sy vrou staan links op d foto). Rietvlei is die grootste gemeente van die VGK in Transkei, en een van die oudstes. Die eerste sendeling uit die NGK het reeds in 1928 daar begin werk. My eie ouers het vanaf 1952 vir `n paar jaar daar gewerk. Deur al die jare wat ek as konsulent op Rietvlei gehelp het, was hul nagedagtenis dikwels my motivering gewees om te volhard. Vandag is Rietvlei `n sterk en selfstandige gemeente. Die gemeente het hard gewerk om die beroep moontlik te maak. Die pastorie en kerkgeboue is ook met groot koste self herstel en reg gekry vir die nuwe dominee.

Ons vertrou dat Paasfees 2019 ook vir uself `n baie geseënde tyd in u gemeente was, en dat u weer nuwe hoop ontvang het vir die pad vorentoe.

Baie dankie weereens vir u gebede en ondersteuning.

Vriendelike groete.

Christo en Delesté Wooding.